# VAKATURE BY PKK REDDERSBURG: KINDERVERSORGER – SENIOR DOGTERS

President Kruger Kinderhuis Reddersburg is 'n kinderhuis wat residensiële versorging en behandeling aan kinders verskaf deur te voorsien in fisiese, maatskaplike, emosionele en psigologiese behoeftes en funksioneer onder toesig van die Gereformeerde Kerke van SA.

Meelewende lidmate van Gereformeerde, Hervormde en NG Kerke word genooi om aansoek te doen.

| KINDERVERSORGER | SENIOR DOGTERS |
|---|---|
| **Verantwoordelikhede**<br><br>Verantwoordelik vir die versorging en opvoeding van kinders in haar afdeling (gang) wat die volgende behels:<br>• Hou toesig oor die liggaamlike versorging en gesondheid van die kinders en verwys vir mediese aandag indien nodig. Voer mediese voorskrifte uit<br>• Behartig godsdienstige opvoeding van kinders deur liefde vir Christus uit te leef en toe te sien dat kinders persoonlike stiltetye nakom.<br>• Sien toe dat kinders skoolwerk doen en verleen die nodige hulp.<br>• Belangstelling en aanmoediging van kinders wat aan kulturele en buitemuurse aktiwiteite deelneem | **Verantwoordelikhede**<br><br>• Handhaaf van orde, roetine en dissipline in die afdeling<br>• Administratiewe take soos gedrags- en mediese lêers<br>• Behulpsaam met vervoer van kinders of toesig tydens vervoer<br>• Oefen beheer uit oor die klere van die kinders en voorraad in die afdeling<br>• Skakel met terapeutiese span en lewer insette met elke kind se behandelingsprogram<br>• Aanvaar mede-verantwoordelikheid vir die bemarking van die kinderhuis en uitdra van 'n positiewe beeld. |
| **Vereistes:**<br><br>• Toegewyde Christen<br>• Akademies: Graad 12<br>• Voertuigbestuurderslisensie<br>• Huwelikstatus: Egpare en/of enkellopendes met min of geen afhanklikes<br>• Ouderdom 30 – 50 jaar | **Vereistes:**<br><br>• Liefde vir kinders en vermoë om hul emosioneel te begelei, verhoudings te bou en Christelike waardes te vestig<br>• Inwoning op terrein word vereis<br>• Bereidwilligheid vir verdere opleiding. |

**NAVRAE;** **Mnr Izak Fourie**
**051 553 0086/348**

**VOORDELE** **Woonstel inwoning**
**Gesubsidieerde Pensioenskema**

**SLUITINGSDATUM** **8 April 2017**

**OM AANSOEK TE DOEN: Faks volledige CV en getuigskrif van huidige predikant na 051 553 0083, of e-pos na kantoor1.pkk@gmail.com**